PARING VAN BATES, LASTE, EKWITEIT, UITGAWES, INKOMSTE

Gebruik die inligting om die korrekte antwoord in kolom 2 met kolom 1 te paar.

Kolom 1		Kolom 2	
1.	Bedryfsbates	A.	Korting ontvang
2.	Inkomste	B.	Skryfbehoeftes
3.	Eienaarsbelang	C.	Toerusting
4.	Vaste bates	D.	Krediteure
5.	Uitgawes	E.	Bank
6.	Finansiële bates	F.	Kapitaal
7.	Laste	G.	Vaste deposito

Voorbeeld: 'n Lening is by die bank verkry.

Kolom 1		Kolom 2	
Vb	**Nie-bedryfslaste**	**H.**	**Lening**
1.	Bedryfsbates	E.	Bank✓
2.	Inkomste	A.	Korting ontvang✓
3.	Eienaarsbelang	F.	Kapitaal✓
4.	Vaste bates	C.	Toerusting✓
5.	Uitgawes	B.	Skryfbehoeftes✓
6.	Finansiële bates	G.	Vaste deposito✓
7.	Laste	D.	Krediteure✓

Bates bestaan uit die volgende:
Nie-bedryfsbates (langer as 12 maande in die toekoms) Vaste bates – grond, geboue, voertuie, toerusting, masjinerie Finansiële bates – Vaste deposito, belegging in aandele van 'n ander maatskappy
Bedryfsbates (korter as 12 maande in die toekoms) Voorraad, debiteure, bank, wisselgeld, kleinkas
Laste bestaan uit die volgende:
Nie-bedryfslaste (langer as 12 maande in die toekoms) Verbandlening, lening
Bedryfslaste (korter as 12 maande in die toekoms) Krediteure, oortrokke bank

Ekwiteit bestaan uit die volgende:
Kapitaal en onttrekkings
Inkomste vermeerder die wins van die besigheid en bestaan uit: Verkope, huurinkomste, rente inkomste, kommissie inkomste
Uitgawes verminder die wins van die besigheid en bestaan uit: Koste van verkope, telefoon, huuruitgawe, skryfbehoeftes, elektrisiteit, salarisse.